

**'N BETROUBARE SKAAL**

'n Gelowige sakeman/vrou is daar besigheids-, ekonomiese- en finansiële beginsels wat geld. Finansiële dryfvere en stukrag is noodsaaklik vir 'n gesonde en suksesvolle ekonomie. Met dié dryfkragte moet jy rekening hou. Dit beteken nie dat God hierin uitgesluit is nie. Dit beteken nie dat God nie belange by jou besigheid het nie. Inteendeel! Omdat die ekonomiese lewe een faset van die menslike samelewing is, raak dit God ten nouste. Daarom beveel God dat 'n gelowige besigheidsmens sy Christelike beginsels ook in sy bedryf sal uitleef. Selfs as dit kom by weegskale en maatbande moet die gelowige besigheidsmens God se gebod van eerbaarheid nakom [Lev. 19:35-36] Hoekom? Om jousef te verheerlik? Nee!! Omdat God sê "gehoorsaam al my voorskrifte en bepalinge en leef daarvolgens. Ek is die Here" [Lev. 19:37].

**IN 'N JIFFIE EN 'N JAPTRAP!!**

Om iets in 'n kits of in 'n japtrap te doen is om dit **in 'n jiffie** te doen, baie gou te doen sonder vertraging, sonder om tweemaal te dink. Daarvan is ons wêreld propvol: kits-koffie, kitskopies, kits-geregte, japtrap-OTMbanke, japtrap-etes by kits-restaurante. Dié *kitslewen*swyse bevredig die haastige moderne mens. Vir niks hoef hy te wag nie en nêrens is dit nodig om te lank te vertoef nie. Meeste dinge is *dadelik* beskikbaar, in 'n japtrap. Ongelukkig het die gesindheid neerslag gevind op godsdienstige vlak.

† Met sy bestelisy stop die japtrap- mens in 'n japtrap voor die godsdienstige "OTM" van die kerk, en die genade en verlossing moet kitsgereed aan hom bedien word as hy sy kaart inskuif.

† As daar nood of 'n lewenskrisis is, gryp hy na die "geestelike OTM" en eis "kits" oplossings van 'n japtrap-dominee.

† Vir "voorskrifte" en "aanbevelings" uit die Woord van God het so 'n mens nie lus nie. Hy wil kies en neem wat hý wil, kant en klaar en sou gou as moontlik!

† Die slotsom is: dié mens wil 'n *selfbedieningsgodsdienst* hê op die *kits-patroon* van vandag sodat al sy geestelike behoeftes in 'n japtrap bevredig kan word. Onthou, *godsdienst* wat nie *diens* aan God is nie, is nie meer godsdienst nie. Jy kan nie net by God ("die kerk") stilstaan vir 'n *kits-onttrekking*, *kitskoffie* of 'n *kitsete* nie. Dan is jou "godsdienst" soos 'n oppervlakkige vernislaag sonder enige diepte en waarde. Godsdienst is bo-alles **ware diens aan God!** God moet "bevredig" word nie jy nie.

Dr. Nico van der Merwe



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 15 Augustus 2010

Nummer 19

**BAIE DANKIE VIR MY PROBLEME**

Die opskrif van die artikel klink darem baie snaaks. Hoe kan 'n mens dankie sê vir jou probleme. Elke kind en elke grootmens het probleme waarmee hulle worstel en dit maak die lewe darem baie onaangenaam. Daarom loop mense met stroewe gesigte en lam arms deur die lewe omdat hulle lewe volgepak is met probleme waaraan hulle niks kan, of liever wil doen nie. In sommige mense se lewe gaan dit veel erger – hulle dra swaar aan die probleme wat hulle gehad het, die wat hulle nou het en ook die wat hulle verag môre gaan opduik. *Edward Hale* het in een van sy boeke geskryf dat in plaas daarvan om in sy eie probleme te verdrink staan hy liever op en help iemand anders met hulle probleme. Sy leuse was: Kyk **op** nie **af** nie; kyk **vorentoe** nie **agtertoe** nie; kyk na **buite** nie na **binne** nie; steek jou hand **uit** na iemand anders en trek jou hand nie **terug** om jousef te bejammer nie. En daar is die antwoord op die opskrif hierbo. Jou probleme is 'n geleentheid om ander mense raak te sien en te help. *Arturo Toscanini* se oë was so swak dat hy amper blind was. Toe hy 19 jaar oud was, het hy tjello in 'n groot orkes gespeel. Omdat hy nie kon sien nie, kon hy nie bladles nie en daarom moes hy baie aandagtig na al die stukke wat die orkes speel luister sodat hy dit uit sy kop kon speel. Een aand word die dirigent skielik siek en iemand moet oorvat. Die enigste een wat die musiekstukke uit sy kop geken het, was *Toscanini*. Hý neem toe oor en dit was die eerste uitvoering van 'n orkes onder sy leiding – waarna hy 'n wêreldbekende dirigent geword het. Hy kon baie dankie sê vir sy probleem want daaruit het sy roem gegroei. So loop ons met ons probleme: die een is blind, die ander doof, nog een met 'n liggaamsgebrek, daar is mense met verhoudingsprobleme, mense wat ongelukkig is met hulle lewensomstandighede, mense wat nie verstandelik baie flink is nie..... so kan ons baie opnoem. 'n Gelowige se eerste stap met sy probleme is om in die gebed met God daaroor te praat en sy hulp te vra (Fil. 4:6-7). Daarna moet jy jou probleme met die Bybel in die hand positief aanpak en hard daaraan werk. Vra jousef die vraag voortdurend af: Hoe kan ek sterker anderkant my probleme uitkom. Die groot probleem in jou lewe, wat jou in baie dinge strem, moet omgekeer word tot iets positiefs. Oorwin die negatiewe groei oor jou probleme met 'n positiewe aksie waardeur jy diensbaar kan word in die samelewing.

Dr. Nico van der Merwe

**PREKE VANDAG****Oggenddiens: JESUS EN DIE DOOD****Johannes 11:12-14**

Volgens ons menslike berekenings is die dood finaal – die einde van alles, hartseer, trane, 'n leë plek – stof is jy en jy sal weer stof word. Teen die dood is ons magteloos. Maar nie God nie. Vir Hom is die dood soos om te gaan slaap. Jy word weer wakker. Daarom het Jesus dikwels mense uit die dood opgewek – nie in die eerste plek ter wille van hulle nie, maar om te bewys dat Hy God is en om sy eer en heerlijkheid voorop te stel. Ons as mense kan glo (en ons glo ook inderdaad) dat Jesus mense uit die dood opgewek het en dat Hy ons ook eendag uit die dood gaan laat opstaan, maar die wonder van die opstanding uit die dood kan ons nie verstaan nie.

[SING: Ps. 145:1,2,3 en 12 – p. 696. Sb. 9-3:1,2. Sb. 15-1:1,2,3 en 4. Ps. 118:8,9 – p. 577.]

**Aanddiens: DIE HERE SE ROEPING****Jeremia 15:9**

Toe die Here Jeremia geroep het om profeet te wees, het Hy vir hom baie mooi gesê hoe dit gebeur het en hoe Hy dit gedoen het. Hy het Jeremia in die moeder gevorm en hom gewy om sy profeet te wees. Jeremia moet die Here se mondstuk wees. En presies so maak God ook met ons. Hy sonder ons vir Hom af om in sy diens te staan as boer of onderwyser, klerk of sakeman. Wat meer is: Hy maak jou ook bekwaam om daardie spesifieke werk te doen. Deur Jesus Christus se versoeningswerk is jy sy kind. Jy is met Hom versoen en as sy kind is jy boer en onderwyser en sakeman. Hy vervul jou met sy Heilige Gees om te doen wat Hy van jou verwag.

[SING: Ps. 66:1,7 – p.320. Ps. 71:1,2 – p. 353. Ps. 89:1,3 – p. 449. Ps. 20:2,4 – p. 91.]

**DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4****Artikel 7 : DIE EVANGELIE AAN BEPAALDE VOLKE**

Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, openbaar Hy dit aan meer mense. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Hulle moet ten opsigte van ander wat hierdie genade nie ontvang nie, saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek.

**Artikel 8 : DIE HERE ROEP IN ALLE ERNS**

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe.

**Artikel 9 : WAAROM SOMMIGE MENSE WAT DEUR DIE EVANGELIE GEROEP IS, ONBEKEERD BLY**

Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus, wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle harte nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorg en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaiër leer (vgl. Matt. 13).



### KERK VAN DIE BRANDENDE LAMPIES

Iewers in Frankryk staan daar 'n klein kerkie waarna die dorpsbewoners elke Sondagaand kom met 'n ouderwetse olielampie in die hand. Die gebruik het in 1550 in die gemeente ontstaan om die olielampies saam te bring as die mense die erediens bywoon. Die olielampies is die eiendom van die kerk. Elkeen wat in hierdie gemeente belydenis van geloof doen kry so 'n lampie om te gebruik tot met die lidmaat se afsterwe. Vir bykans 450 jaar gaan die olielampies van hand tot hand, van die een lidmaat tot die ander. As hulle die eredienste bywoon word die brandende lampies op die breë rugleuning van die banke neergesit. Die gemeentelede kom getrou na die eredienste toe omdat hulle weet, dat dit al hoe donkerder word in die kerkgebou hoe meer lidmate nie die eredienste bywoon nie. Elkeen wat tuisbly is die oorsaak dat daar 'n lampie minder is wat skyn met die gevolg dat die kerkgebou binne donkerder is. As daar baie lidmate die erediens bywoon is die kerkgebou helder verlig. Maar as daar min lidmate die eredienste bywoon is die kerkgebou so skemer dat 'n mens haas nie iets kan sien nie. Toe ek van hierdie gebeurtenis lees dink ek daaraan dat Jesus Christus ook mos gesê het dat die gelowige 'n lig is wat skyn. Ja, elkeen wat in God glo ontvang van Hom 'n "lampie". Christus sê mos van die christene "julle is die lig vir die wêreld" (Matt 5:14). Dit is elke gelowige se roeping om die lig van die "lampie" wat Hy van God ontvang het te laat skyn in die donker wêreld van sonde en slegte dinge. Dit is jou plig om hierdie lampie wat jy van God ontvang het brandende te hou. Jy moet dit voortdurend in jou hand dra sodat die lig rondom jou kan skyn. Hoe meer gelowiges op aarde hulle "liggies van God" laat skyn hoe helderder sal dit wees. Die gelowiges is die *lig vir die wêreld*. Daar skyn geestelik geen lig in die wêreld as net die lig wat uitstraal uit die lewe van God se kinders nie. In die kerk en in die wêreld word dit al hoe *donkerder* hoe meer gelowiges hulle "liggies" neersit en hulle lampies tuis laat bly. Wat is jou aandeel?? *dr. Nico van der Merwe*

### SUSTERS

Saamroepster vir Augustus: Magda van der Walt  
 Hospitaalbesoekbeurt: Anncron: Heila Nortman  
 Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:  
 Augustus 2010: Wyk 7 en 21



#### Uit die Woord

Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak (gawe) gegee het. (1 Korintiërs 12:27-28)

#### Wyse Woorde

Die Heilige Gees gee nie sy gawes om jou ryker as ander te maak nie, maar sodat jy ander se lewe deur jou talente kan verryk.

A.W. Tozer



#### VERJAARDAE

15 Augustus	Lourens Swanepoel
16 Augustus	Jan Pretorius
18 Augustus	Nerene Booysen
20 Augustus	Tena Buys
20 Augustus	Pikkie van Dyk
20 Augustus	Jannie Bignaut

Baie geluk met julle verjaardae. Mag die Here se liefde en teenwoordigheid elkeen se lewe omvou.



**LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE**

- ❖ Ons betoon graag ons meegevoel met **br. Marius en sr. Linelle Hütge** met die baie onverwagte afsterf van Marius se vader (73). Mag ons hemelse Vader julle en julle familie ryklik vertroos met die sekerheid: in lewe en in sterwe behoort ons aan Jesus Christus. Marius se ouers was van Stilbaai af hierheen op pad om vir 'n maand hier te kom kuier. In Strydenburg, toe hulle daar vir 'n rukkie stilgehou het, het hy in die motor 'n hartaanval gekry. Baie sterkte!
- ❖ Op Vrydag 6 Augustus, is **Oom Gert Coetzee** (81) plotseling aan 'n hartaanval oorlede. Ons bid **Tant Joan Coetzee** die Here se krag en troos toe – asook vir hulle kinders en kleinkinders. Die Here belowe aan sy kinders, diè wat met 'n ware geloof aan Hom veranker is, die heerlike ewige lewe.
- ❖ Ons bid **br. Frikkie en sr. Elsabè du Plessis** baie sterkte toe met die langdurige en ernstige siekte van Oom Frans van der Walt, Elsabè se pa.
- ❖ **Oom (ds.) Kosie Smit** het geval en baie seergekry. Ons is baie jammer daarvoor, en hoop dat dit gou weer beter met Oom sal gaan.
- ❖ **Tannie Pottie Potgieter** se suster, Lettie (78) is voor verlede week oorlede na 'n lang siekte. Sy was ook 'n “tweede” ma van **br. Hennie van Rooyen**. Ons bid Oom en Tannie Pottie, en Hennie en Susan, en hulle hele familie die troos en versterking van ons hemelse Vader toe.
- ❖ Ons is saam met **br. Johan en sr. Annemarie Friedrich** bly en dankbaar met die doop van hulle kleindogter in Pretoria. Sy is die derde kindjie van hulle dogter, Riekie. Mag julle baie vreugde van hierdie verbondskindjie hê.
- ❖ **Br. Alf White (snr.)** was in die hospitaal vir 'n ondersoek vanweë ongesteldheid. Ons bedede is dat jy gou weer gesond sal wees.



- Die praktiese politiek bestaan uit ignorering van feite.
- Politici los enige probleem voor 'n verkiesing op, maar bittermin daarna.
- In elke feeks is daar 'n vrou wat sukkel om uit te kom.

**DANKBAARHEIDSFONDS**

Die gemeente het vir 2009 R4374 bygedra tot die fonds. Dit beloop R12.22 per belydende lidmaat, en was heelwat minder as die R25 per belydende lidmaat wat as mikpunt gestel was. Tot dusver (Julie- storting) is nog net R950 ontvang. Ons sal dus vir die volgende 6 maande bietjie skouer aan die wiel moet sit!  
Kassier

**ELEKTRONIESE OORPLASINGS – Kerklike Bydraes**

Ongeveer 30% van ons lidmate plaas gereeld hulle maandelikse bydraes elektronies oor. Dit is maklik, veilig en gerieflik. Ons bankbesonderhede is soos volg:  
ABSA Tjekrekening: 950 340 916 Plekkode: 334-338  
*Maak asseblief seker dat u naam en wyknommer verstrekk word.*  
P. Kruger (Kassier)

**DANKIE!**

Weereens 'n besondere woord van dank aan al die lidmate wat die diakonie se arms sterk hou. Stilweg is daar lidmate wat klere en ander goedere skenk, en as ons maar weer sien, is daar koekies en lekkernye vir die Kinderhuis ook. Baie dankie ook vir die gereelde geldelike bydraes, en al die lidmate wat tyd en talente beskikbaar stel, asook gereeld voorbidding doen vir mense in nood.

*Skrifa, Diakonie*

**DRINGEND DRINGEND-DRINGEND DRINGEND**

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk**:  
sweiswerk, loodgieterswerk,  
houtwerk of teëlwerk.  
Skakel asb. Corrie Botha  
**018-484-4774 of 083-429-4824.**

**FONDSINSAMELING POTCHEFSTROOM-SUID**

Mathys Roets tree op Vrydag 20 Augustus 2010  
om 19:00 in die NG Kerk  
Miederpark op met sy vertoning  
"Droomvrouens".

Hierdie is 'n fondsinsamelingsaksie van die  
Gereformeerde Kerk  
Potchefstroom-Suid. Kaartjies kos R80.00 per  
volwassene en R60.00 per kind 12  
jaar en jonger.  
Kaartjies is beskikbaar by : 1. Lowisa Smit telno  
084 583 4327

- 2. Horst Doedens (Moorivier Mall)
- 3. Kaartjies sal ook by die deure  
beskikbaar wees

U ondersteuning sal waardeer word.

Groete Mias Smit



**GELUKWENSING**

Ons wil baie graag vir dr. Nico van der Merwe baie geluk wens met die verwerwing van sy tweede doktorsgraad. Sy proefskrif handel oor DIE GESKIEDENIS VAN KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA IN DIE JARE 1859 TOT 2009. Om, nadat jy geëmeriteer het, aan die werk te spring en nog 'n doktorsgraad te verwerf, wil gedoen wees!! Nie alleen is dr. Nico redakteur van die Kerkblad nie, maar ook van die Slingervel – en daarby hanteer hy vir ons weekliks die Simbaal. Daarvoor is ons baie dankbaar. Ons wens saam met hom vir Tersia geluk wat hom so getrou bygestaan het. (Tersia volg Sondae die Skriflesing in die Bybel in Latyn, net om haar Latyn vars te hou.)

Dr. André Grové



**KOLLEKTES**

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
15 Augustus	Barmhartigheid	Geref. jeug in London
22 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds GKSA
29 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds GKSA
5 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
12 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 15 Augustus tot Saterdag 21 Augustus 2010

Sondag 15 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 15 Augustus	Katkisasie – Les 17	10:30
Sondag 15 Augustus	Erediens	18:00-19:00



**TEESKINKBEURTE**

Sondag 15 Augustus 2010	Wyke 21 & 22
Sondag 22 Augustus 2010	Wyke 23 & 24
Sondag 29 Augustus 2010	Wyke 25 & 26
Sondag 5 September 2010	Wyke 27 & 28
Sondag 12 September 2010	Wyke 1 & 2



**BELYDENISAFLEGGINGTEE – 22 AUGUSTUS 2010**

Soos gebruiklik, nooi ons die gemeente en die katkisasante en hul families uit om na die diens, Sondag 22 Augustus 2010, saam tee te drink. Die ouderlingsvrou van elke wyk sal eetgoed vir die geleentheid vra. By voorbaat baie dankie daarvoor. Die susters van wyke 23 – 28 sal help met die bediening en opwas.



- Die geslag wat 'n rewolusie begin, beëindig dit selde.
- 'n Man is oud wanneer berou plek maak vir drome.
- In musiek moet 'n mens met jou hart dink en met jou verstand voel.

**BERIG OOR DIE FRANSE RADIOBEDIENING IN AFRIKA****DIE KIVU GEBIED**

Die **Kivu** gebied in die Ooste van die DRK (Demokratiese Republiek van die Kongo) is oorloggeteisterde gebied vir baie jare. Chaos heers daar want verskeie militêre groepe wat nie die gesag van die regering in Kinshasa erken nie, veg vir die beheer oor minerale bronne en diamante. Dorpe word gereeld geplunder en inwoners word of gedood, of uitgejaag. Die internasionale media rapporteer nie veel hieroor nie, want dit blyk 'n onbeheerbare situasie te wees wat die Verenigde Nasies se troepe nie by magte is om te kontroleer nie.

**RADIO KINDU FM FOI ET VIE RÉFORMÉES**

Te midde van hierdie situasie saai **Radio Kivu FM Foi et Vie Réformées** se programme elke Donderdagoggend 7:30 uit. Dit word beide in die Noord-Kivu en Suid-Kivu gehoor, en selfs tot in die naburige Uganda. *Eienaardig genoeg (maar die Here werk op 'n besondere wyse!) behoort RKFM aan 'n groep Moslem handelaars, wat tog bereid is om lugtyd te verkoop aan ander godsdienstige groepe.* Onlangs het 'n gemeente laat weet hulle sal graag finansiële verantwoordelikheid neem vir hierdie projek. Dit sal dus 'n gedeelte van ons begroting vir uitsaaityd in die DRK beskikbaar stel vir ander projekte daar.

**MALI**

In **Mali** gaan die uitsaai van ons programme voort, te midde van 'n gespanne situasie met die aktiwiteite van Al-Qaeda wat in sekere gebiede seëvier (veral die Noordelike gedeelte van die land, met die Touareg nomades en die Arabiere, wat aan dwelmhandel deelneem, en ook buitelanders as gyselaars neem; – onlangs is 'n Fransman van 78 jaar oud deur Al-Qaeda tereggestel).

**Bid asseblief in besonder vir die uitsaai van die Evangelie deur FEVR op Radio Tanahint in Timboektoe, juis 'n plek waar radikale Moslem elemente baie aktief is.**

**SKEPPINGSEMINAAR**

Te midde van steeds veranderende tye, maak gebruik van die geleentheid om die fundamente van u geloof te verstewig! Het die wetenskap die Bybel weêrlê? As Darwin geweet het wat ons vandag weet oor die wetenskap, sou hy sy teorie geformuleer het? Het God alles in ses 24 uur dae geskep? Wie was Kain se vrou? Waar kom al die 'rasse' vandaan? Wat het met die dinosourusse gebeur? Waarom verwerp so baie mense die evangelie vandag? As God almagtig en liefdevol is, waarom al die dood, pyn, bloedvergieting en lyding? En waar pas ek in al die dinge in?

Hierdie is maar net sommige van die vrae wat mense vra. Het u familie, vriende en kollegas wat sou baat om te verstaan dat God se Woord, die Bybel, met die werklike wêreld koppel en waarom ons dit kan vertrou vanaf die eerste vers? Indien wel, nooi hulle gerus uit na 'n multimedia aanbieding by Gereformeerde Kerk Kameeldrift, Saterdag 11 September 2010 om 9:00 waar Dr. Johan Kruger (CMI, Suid-Afrika) onder meer sal aantoon waarom die eerste elf hoofstukke van Genesis die grondslag is van die Christelike geloof en belangrik is in die verkondiging van die evangelie. 'n Opwindende reeks van CMI se skeppings-materiale sal beskikbaar wees. Toegang is gratis en almal is welkom. Vir bykomende inligting besoek gerus CMI se webwerf:

[www.creation.com/events](http://www.creation.com/events)

Ds. Ben Fourie

- ◇ Amper almal weet hoe om geld te verdien, maar nie een in 'n miljoen weet hoe om dit uit te gee nie.
- ◇ Almal weet 'n mens kan nie 'n gejeuk verlig daardeur met liggies te vryf nie.
- ◇ Wat ervaring en die geskiedenis ons leer, is dat mense en regerings niks daaruit leer nie.
- ◇ Ambisie is so 'n kragtige drif in die hart van die mens dat hy nooit tevrede is nie, al reik hy hoe hoog.
- ◇ Die lewe is soos 'n boek: die dwaas blaai ongeërg daardeur, maar die wyse man lees dit met deurdagtige aandag omdat hy weet dat hy dit net een keer kan lees.